

KOERSVAS

Uitgawe 3 Jaargang 1 9 November 2012

In hierdie uitgawe:

Nuusbrokkies

Lidmaatskap

Vergadering

Die ander wang

Die waarheid word nooit deur getalle bepaal nie. Aan die ander kant is dit so dat ons tog glo "hoe meer siele, hoe meer vreugde". Ons moet ons nie blindstaar teen getalle nie, maar tog kennis neem dat die sH beweging besig is om te groei. Dit is nie eenrigting verkeer nie. In gemeentes sluit lidmate aan en ander beweeg uit. Lidmate wat wil uittree, se gevoelens moet gerespekteer word. Die keerkant van die munt is dat sH-lidmate se oortuiging ook gerespekteer moet word. Die Kommissie van die AKV se onvermoë om die situasie te hanteer, verhinder nie lidmate en gemeentes om die situasie met deernis te bestuur nie. Dit sal naïef wees om te verwag dat die getal onafhanklike gemeentes in die honderdtalle sal wees. Tog is dit so dat daar binne die volgende paar maande oor groot gebiede sH-gemeentes sal wees. Kom ons behandel mekaar liefdevol, respekvol.

Nuusbrokkies

- Net na die tweede uitgawe van KOERSVAS verskyn het, het die lidmate van Meyerspark gemeente besluit om



onafhanklik aan te gaan. Vyf gemeentes onafhanklik in Pretoria!

- Die afgelope week het Koster gemeente dieselfde besluit geneem.
- Makwassi gemeente het Sondag 4 November 'n inligtingsbyeenkoms gehad. Dit was goed bygewoon en na 165 minute was hulle tevrede dat hulle nou genoeg inligting het. Sterkte met die oorweging en besluite!
- Prof HG van der Westhuizen het hierdie week 'n afspraak gehad met drukkers oor die uitgee van sy nuutste publikasie. Praat van arbeidsaamheid!

Lidmaatskap

Na aanleiding van 'n gesprek wat gewoed het op die NHKA se amptelike bakkiesblad is dit nodig om die stem van redelikheid ook te laat hoor. Die vraag word reeds gevra na die lidmaatskapstatus van sH-lidmate. Op hierdie blad word absurde vrae gestel en kwetsende antwoorde gegee. Vrae soos; *kan sH-lidmate trou met NHKA lidmate?* Die agtergrond vir die vrae kan eerder in die Roomse tradisie gevind gaan word. Daar is

lidmaatskap van die Roomse kerk wat jou waarborg van saligheid, *extra ecclesia non salus est* (buite die kerk is daar nie saligheid nie).

Onafhanklike gemeentes verstaan hulself as die voortsetting van die NHKA. Daarmee saam het slegs enkelinge bedank uit die NHKA. Prakties beteken dit dat onafhanklike sH-lidmate in effek dubbele lidmaatskap het; lidmaatskap van die onafhanklike vereniging/gemeente en lidmaatskap van die NHKA. Die gemeentes sien die Kerkorde, en veral Ordereël 1, as die riglyn vir hulle interne orde. Die antwoord op die saak van lidmaatskap moet daarom in die Kerkorde gevind gaan word. Dit geld totdat die AKV dit verander. Die KommAKV en dr W van Wyk het geen reg om te stel dat sH-lidmate hulle buite die kerk geplaas het nie.

Die Kerkorde bepaal immers dat die plaaslike gemeente se Ouderlingevergadering self besluit oor lidmaatskap. Lidmate verlaat die NHKA indien hulle bedank of na 'n ander kerkverband oorgaan. Ouderlinge kan ook die lidmaat onder die ban plaas. Ouderlinge kan 'n attestaat, bewys van lidmaatskap of dan geen dokument aanstuur. Persone word lidmate nadat die Ouderlinge so besluit het.

Die Ouderlinge kan besluit om die persoon se bewys van lidmaatskap of attestaat te aanvaar, die persoon na gesprek en ondervraging te aanvaar, of selfs besluit dat die persoon weer volwasse kategese moet ondergaan.

Daar is persone wat "op die boeke" van vele gemeentes is, maar jare laas die binnekant van die kerk gesien het. Ouderlinge kan nie eens besluit om hierdie lidmate van hulle

rekords te verwyder nie, hulle moet eers die pad van opsig en tug loop.

Teen hierdie agtergrond kan dit nie anders as om te stel dat persone wat die debat voer, óf moedswillig is, óf die Roomse teologie so onder lede het dat hulle nie Protestants kan dink nie. Teenoor die agtergrond van dalende getalle sal dit onnadenkende ouderlinge wees wat 'n sH-lidmaat se aansoek om lidmaatskap weier.

Vergadering

Die laaste vergadering vir 2012 word Saterdag 10 November te Premiemyn, Cullinan gehou. Volgens alle aanduidings gaan die vergadering goed bygewoon word en u word daarom versoek om teen 08:30 daar te wees sodat die registrasie betyds afgehandel kan wees.

REGISTRASIE - 08:00

VERGADERING NEEM SITTING - 09:00

OPENING: SKRIFLESING / GEBED - 09:00

VERWELKOMING

PRESENSIE

VASSTELLING VAN SAKELYS

DOEL – PIETERSBURG BERAAD

BESTEKOPNAME

REAKSIE OP VIKTIMISASIE

TEENVOETER VIR LEUENS

TOEKOMSVISIE

HUISGEMEENTES - VAALWATER

NHSV EN SUSTERS

UITNODIGING AAN REFORMATORIESE

ONAFHANKLIKES

VERBONDSVERGADERING -

26 JANUARIE 2013

ANDER SAKE

AFSLUITING

Die ander wang

Die laaste artikel wat in die e-Hervormer verskyn het, geskryf deur dr Wouter van Wyk, was weereens kwetsend en lasterlik. Dit was veral dr Otto, maar by implikasie die sH-bestuur en alle sH-lidmate wat moes deurloop onder sy neerhalende kwetsende artikel. Die inhoud getuig van 'n liefdeloosheid wat nie tuishoort in 'n Christelike publikasie nie. Die versoeking bestaan om hom te antwoord en met mening terug te kap. Kom ons kies eerder die ander weg, draai die ander wang en verstaan dat die Here ons nie 'n gemaklike rit beloof het nie. Indien ons antwoord, kom ons doen dit respekvol, met waardigheid en eerbied. Kom ons vermy die versoeking om te wil vergeld.

Wederom tot volgende keer.